Ds. A. A. WILDSCHUT *Jeremia, de profeet van het Rijk Gods.* Uitg. Bosch & Keuning. Baarn, 1947. 236 bls. Prys f 4.90.

In hierdie 1ste deel van die IIIde jaargang van die bekende BBB- of Boeken bij den Bijbel-serie gee die Amsterdamse Hervormde predikant, ds. Wildschut, die skriftelike neerslag van 'n reeks lesings gedurende die donker besettingswinter 1942–43 deur hom wat toe nog predikant te Rotterdam was, vir gemeentelede en medewerkers in sy wyk gegee. Dit was ongetwyfeld 'n goeie gedagte om die inhoud van daardie lesings in 'n blywende vorm, die van 'n deurlopende kommentaar op die lewe en prediking van die groot en aantreklike figuur van Jeremia, vir 'n wyer kring te bestendig. Die boek is seer dienstig om in die baie vrae

en verskynsele wat met die optrede, geestesgesteldheid, roeping en amp, lewe en tyd van die profeet en die samestelling van sy geskrifte saamhang, in te lei. Ds. Wildschut het bepaalde en mees waardevolle insigte in vele van hierdie kwessies en neem duidelik stelling teen allerlei opvattings wat na sy oortuiging misvattings aangaande die persoon, amp en geskrif is. So meen hy bv. dat die psigologiserende en indiwidualiserende beskouing van die profeet nie tot die ware verstaan van sy betekenis voer nie, en dat die atomistiese opvatting van die geskrif as uit baie kort, onderling maar min samehangende profetewoorde bestaande die groot eenheidslyne van Jeremia se prediking en boek verwaarloos. Dit is seker 'n gesonde reaksie teen oordrywing van origens gedeeltelik nie onjuiste standpunte.

Die skrywer verdeel die lewe van die profeet en daarmee ook sy behandeling van die profeet en sy werksaamheid in drie ampsperiodes, waartussen in merkwaardigerwys twee periodes van amptelose swye lê, die eerste blykbaar uit eie beweging, die tweede deur koninklike verbod. Die skrywer onderskei die periodes van amptelike werksaamheid na jaartalle: 627–622 v. C., 609–604 en 597–586. Dit gee die merkwaardige resultaat dat na 'n eerste 5-jarige ampsperiode 'n 13-jarige van swye volg, na 'n tweede 5-jarige van getuienis 'n tweede stil periode van 7 jaar, daarna 'n 12-jarige van uiters aktiewe en lydingsvol optrede totdat die lewe en woord van die profeet in die duisternis en stilte van 'n onbekende lewenseinde in Egipte verdwyn. Dit is ontroerend dat die laaste hoofstuk oor die lewe van die profeet die opskrif dra „Toch alles tevergeefs?" en dat daarin die woorde moet voorkom: „Hij eindigt zijn leven met op te treden tegen dezelfde misstanden als die welke hij vóór 40 jaar moest bestrijden" (bl. 167). Die pragtige in gepeins versonke gestalte van Jeremia soos deur Michelangelo uitgebeeld en op die omslag en teenoor bl. 32 van die geskrif voorkomende, verbeeld op treffende wyse al die probleme wat met hierdie lydensfiguur verbonde is.

Dit sou misskien aanbeveling verdien as in 'n tweede druk in pleks van die indeling na jaartalle die volgende opskrifte aan die eerste drie dele van die boek gegee sou word: „Vanaf Jeremia se roeping tot die Reformasie van Josia", „Vanaf Jojakim se regeringsaanvaarding tot die koninklike verbod om te predik" en „Vanaf die eerste tot die tweede Babiloniese besetting van Jerusalem" of „Die regeringsjare van Sedekia"; enige variasie van dergelike minder formele opskrifte sou dieselfde doel dien.

In elk van die drie hoofstukke (wat die skrywer enigsins swaarwigtig „dele" van die boek noem) behandel hy een of ander belangrike vraagstuk; in die eerste die van die profetiese roeping (wat hy minder psigologies as wel teologies, nl. as 'n roeping en oorweldiging deur God verstaan); in die tweede die van Jeremia se verhouding tot offer en erediens en die van sy sielkonflikte deur die teenstrydighede van sy persoon en ampsbesef; in die derde die van die leuenprofesie en van

Jeremia se oënskynlike landverraad. In 'n vierde hoofstuk word die heilsprediking en Messiaanse verwagting van die profeet bespreek en in 'n laaste, vyfde, sy profesieë oor die ander volke. So is daar wel geen belangrike aspek van die profeet se lewe en prediking wat ds. Wildschut nie aan 'n ingrypende ontleding onderwerp nie. En sy besonne en besonke oordeel oor die meeste vrae loon die kennismaking en verryk eie oordeel ook al val dit somtyds miskien anders uit.

In sy nuttige klein geskrif „Voorspelling en Profetie" geskrywe in die besettingsjare 1940–42 en in 1947 by Callenbach, Nijkerk verskene, het ds. Wildschut reeds 'n belangrike bydrae gelewer tot die regte verstaan van die profesie onder Israel, wat geen voorspellings uit 'n fatalisties vasstaande wêreldverloop bedoel te gee nie, maar prediking van die persoonlike God en sy wil, wat gehoorsaamheid en bekering eis, wat skuld maar ook vergewing verkondig en die visie van 'n die eeue en volkere omspannende, segevierend deurdringende koninkryk Gods verskaf. Dis hierdie „Ryksgedagte" wat ds. Wildschut veral by die profeet Jeremia verteenwoordig sien, soos reeds die ondertitel van sy geskrif aantoon. Ongetwyfeld is die koningskap- en koninkryk Gods-gedagte sentraal in die profetiese prediking; maar dit is by al die profete die geval en ek vra my af of daar genoegsame rede is om spesiaal Jeremia as profeet van die Ryk Gods te karakteriseer. Meer kenmerkend vir hom is seker sy verkondiging van die Nuwe Verbond en sy gestalte as lydende kneg van die Here.

Hier en daar het ds. Wildschut die neging om die taal te gebruik wat in „het kamp der apologeten" gebruikelik is. Dat hy meermale kritici noem wanneer hy hulle bestry, is te waardere, maar sou dit dan nie ook wenslik wees om hul name te vermeld wanneer hy van hulle afhanklik is nie, veral waar op verskillende bladsye blyk dat hy kritiese resultate erken en daarmee instem? By 'n volgende druk, wat die geskrif seer seker verdien, sal die skrywer van die mooi kommentaar van W. Rudolph in 1947 in Eissfeldt se Handbuch zum Alten Testament verskene seker dankbare gebruik maak.

Studente en predikante, onderwysers en belangstellende gemeentelede sal groot nut uit hierdie beide geskrifte van ds. Wildschut kan trek. Die uitnemende uiterlike versorging van die boek alleen reeds lok tot kennisneming uit.

G. Gemser.